View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# RESPONSIE OP LESING VAN PROF. WENTZEL VAN HUYSSTEEN

**J.H. van Wyk,**
*Teologiese Skool Hammanskraal*

Dit is nie 'n maklike taak om op hierdie prikkelende artikel van prof. Van Huyssteen (VH) te reageer nie. Die skrywer se gedagtes neem soms sulke hoë vlugte dat ek nie altyd seker is of ek hom, ook na herlesing, korrek verstaan nie. Ek gaan 'n paar temas op grond en selfs na aanleiding van die voordrag uitlig en kortliks bespreek. Kritiek en waardering word nie altyd eksplisiet verwoord nie maar kom dikwels verskuil ter sprake.

## 1. DIE VRAAG IN VERBAND MET DIE TEOLOGIESE VOORVRAE

VH verwys herhaaldelik na wat hy teologiese voorvrae, grondvrae, grondoortuiginge en vertrekpunte noem. Mens sou in hierdie verband ook van *metateologie* kon praat.

Ek meen dat hierdie aksent waardevol is mits dit nie oorspan word nie. Trouens, nog al die jare het ons as Christenwetenskaplikes — en H.G. Stoker nie in die minste nie — die positivistiese wetenskapsleer juis op die punt van 'n gewaand neutrale vertrekpunt gekritiseer. Die vraag wat VH nou aan die orde stel, is egter nie óf daar vertrekpunte is of mag wees nie maar hóé hulle is. Aan die hand van Kuhn bring hy die vraag na vore of hierdie vertrekpunte van ons teologiese denkmodelle nie baie sterk tradisioneel, sosiaal en histories bepaald is nie en of groepwaardes nie 'n rol daarin speel nie. Hy wil dus kyk na die herkoms en oorsprong van ons denkmodelle maar darmee saam ook na die aard en struktuur daarvan.

As ek hom reg interpreteer, bepleit hy 'n *kritiese* opstelling ten opsigte daarvan, nié van die openbaring self nie maar van óns opvatting oor die openbaring. Hy wil nie weet van 'n teologiese eksklusivisme (Barth) of 'n teologiese subjektivisme (Hare, Van Buren) nie maar staan positiewer teenoor 'n teologiese kritisisme (vgl. Popper en Kuhn).

Natuurlik werk die teologie ook met vooronderstellinge en speel ons lewens- en wêreldbeskouing ook hier 'n rol. Dit bly egter 'n ope vraag of 'n blootlegging van hierdie voorvrae van byvoorbeeld die Roomse, Lutherse en Calvinistiese teologiese 'denkmodelle' 'n oplossing van die probleem van uiteenlopende en ook teenstrydige denkmodelle en dus van die probleem van uiteenlopende en teenstrydige antwoorde op die lewensvrae kan bied.

Hoe kan voorvrae begrond en 'n fondament gefundeer word? Hoe handel ons wetenskaplik oor voorwetenskaplike sake? Word dit nie 'n deurvra-sonder-einde nie? Of is die bedoeling dat krities gekyk word na die fondament self, of dit goed is of sleg?

Ek meen ook dat ons hier ook moet onderskei tussen die voorvrae i.v.m. 'n teologiese denk*model* en teologiese denk*inhoud*. Oor dieselfde basiese *inhoud* kan daar immers anders, kontradiktories en kompeterend maar ook komplementerend en nie-kontradiktories gedink word.

## 2. DIE VRAAG IN VERBAND MET DIE RASIONELE ASPEK IN DIE TEOLOGIE

VH voer 'n baie duidelike pleit vir die *rasionele* aspek van teologiese denke. Teologie moet 'intellektueel geloofwaardig' wees, en hy noem dan drie vereistes vir 'n geloofwaardige teologiese rasionaliteitsmodel, nl. dit moet werklikheidsbetrokke, probleemoplossend en ontwerpend wees. Dan gaan dit ook nie meer soseer om die (dogmatiese) vraag na waarheid of valsheid nie maar eerder om die (pragmatiese) vraag na oplossing of nie-oplossing.

Uit verskillende woorde wat in die voordrag na vore kom, kan duidelik sy afkeer gesien word van 'n syns insiens eensydige openbarings- (en dus irrasionele) teologie. Hy praat byvoorbeeld van: irrasionele vlug, immuniseringstaktiek, fideïstiese standpuntteologie, ghetto-teologie, dogmatiese verideologisering, dogmatiese eksklusivisme, esoteries, kenteoretiese naïwiteit.

Indien ek my nie vergis nie, kom hier iets (iets!) na vore van die ou filosofiese en teologiese stryd i.v.m. *geloof* en *wete*. Hoe kry ons kennis van 'n onsigbare God? Alleen deur die geloof? Of ook deur redelike argumentasie (dink aan die Godsbewyse)? Of deur ervaring? Of deur openbaring? Of deur almal saam?

Ek herinner my dat in 'n gesprek in 1969 oor die Nederlandse beeldradio die volgende vraag aan die ateïstiese Engelse filosoof, Bertrand Russell, gestel is: "Wat sal u vir God sê indien dit na u dood blyk dat u u misgis het en dat God wél bestaan?" Hy het geantwoord dat hy sal sê: "I am sorry, You have not given us enough evidence".

Indien die Godsvraag dan oënskynlik nie duidelik vanselfsprekend is nie, hoe kan ons dan sinvol oor Hom praat; hoe kan ons rasioneel en wetenskaplik teologie beoefen? HV voel nie aangetrokke tot Barth se Woordteologie of openbaringspositivisme soos Bonhoeffer dit getipeer het

nie. Ook Pannenberg se 'teologie van die rede' bied hier syns insiens nie 'n oplossing nie. Kuhn se kritiese rasionalisme verskaf hier meer hulp.

Saam met VH sou ek wou pleit vir die behoud van die *rasionele* element in die teologie, maar ek sou tog wou waarsku dat die teologie nooit, via die Aufklärung, *rasionalisties* moet word nie. 'n *Sacrificium intellectus* is vir enige Christen 'n onmiskenbare probleem. Indien die temas wat in die teologie aan die orde gestel en die antwoorde wat verskaf word onsinnig, kontradiktories, onlogies en werklikheidsvreemd is, sou baie min mense ooit belangstelling daarvoor ontwikkel het. Daarmee is natuurlik nie gesê dat die diepste geheim waarom dit in die teologie gaan, rasioneel volkome deursigtig gemaak kan word nie. Hoe sou die wonder van die skepping, van die kruisiging en opstanding van Christus en van die voleinding ooit volledig rasioneel deursigtig gemaak kan word? — al sit daar 'n geweldige stuk ratio in en skyn 'n verwerping daarvan onsinnig!

As die apostel Paulus in I Kor. 1 melding maak van die "dwaasheid van die evangelie", dan voer hy sekerlik nie 'n pleidooi vir irrasionaliteit nie, maar dan rig hy hom onder andere teen die Griekse gnostiek van sy tyd. Oor die evangeliese dwaasheid kan immers tog uiters sinvol gepraat word! In die teologie kom sake soos oorsprong en toekoms, sin en bestemming, goed en kwaad, waar en vals, reg en verkeerd, perfeksie en imperfeksie, mens en wêreld, individu en samelewing ens. tog uiters sinvol aan die orde.

Ook in die teologie word van *bewys*-voering gebruik gemaak (vgl. Hand. 9:22) en is openbare *verantwoording* nie iets vreemds nie (I Pet. 3:15).

As ons God met ons verstand kan *liefhê* (Mark 12:30), impliseer dit dat ons Hom ook met ons verstand kan *ken*.

Ek het hierbo verwys na die gevaar van 'n rasionalistiese teologie.

As enkele duidelike voorbeeld in hierdie verband kan veral na H.M. Kuitert se jongste boek oor genadedood, *Een gewenste dood* (1981), verwys word. Hy benader die probleem eerstens vanuit rasioneel-etiese gesigspunt (wat eintlik rasionalistiese gesigspunt beteken, en daarna, byna as aanhangsel en nadat hy klaar tot die slotsom gekom het dat genadedood geoorloof is, bring hy dan teologiese argumente ter sprake. In so 'n geval is ons nie meer met *teologie* besig nie maar met *filosofie* (ekskuus !), ek bedoel: nie eens met goeie filosofie nie!

## 3. DIE VRAAG IN VERBAND MET DIE RELASIONELE ASPEK IN DIE TEOLOGIE

Binne die konteks van sy kriticse rasionele teologiese denkmodel spreek VH hom ook uit ten gunste van 'n *relasionele* teologie, d.w.s 'n teologie wat op die werklikheid betrokke is. Verlies aan werklikheidsbetrokkenheid is dan juis die essensie van die kritiek van die kant van die kritiese rasionalisme — en, kan ons byvoeg, ook van die kant van die Marxistiese filosofie. Die werklikheid waarop die teologie betrokke is, kan natuurlik verskillende gestaltes aanneem. Dit kan die wetenskaplike werklikheid wees of ook die doodgewoon alledaagse (voorwetenskaplike) werklikheid — en fundamenteel natuurlik die grootste Werklikheid, God.

Dit is inderdaad waar dat 'n teologie wat hom van die probleembesete wêreld losmaak en hom in 'n geïsoleerde ghettobestaan terugtrek, geen ware teologie genoem kan word nie. Ware teologie vervul inderdaad 'n maatskappy- en kultuurkritiese funksie en probeer om *in* (nie vanuit) die konkrete lewende situasies "die heil van God vir hierdie wêreld te vertolk". Teologie het immers nie bloot te doen met die korrekte *verstaan* van die werklikheid nie maar is ook gerig op die *verandering* van die werklikheid in die rigting van die koninkryk van God.

In hierdie verband is daar 'n besonder interessante opmerking gemaak i.v.m. die teologie van Karl Barth. Watter teologiese (en ons kan byvoeg filosofiese) denkmodel, is gevra, het in die veelbewoë periode van die Tweede Wêreldoorlog die grootste bydrae gelewer tot 'n moedige getuienis van hoop in die wêreld? Was dit die positivistiese filosofie of die liberale teologie of die Woordteologie van Barth? Sal na Barth ooit weer beweer kan word dat die sogenaamde Woordteologie 'n ghetto-teologie is? En as na die wêreldveranderende invloed van die Woordteologie van Calvyn gekyk word (nie na die misvorminge daarvan nie), sal ons ooit hierdie teologiese denkmodel as werklikheidsvreemd kon tipeer?

Ongelukkig is hierdie aksent op die werklikheidsbetrokkenheid van die teologie dikwels in die verlede eensydig ontwikkel, soos bv. in die 'Social Gospel' en in bepaalde vorme van die Teologie van die Revolusie vandag.

## 4. DIE VRAAG IN VERBAND MET DIE ESSENSIE VAN DIE TEOLOGIE

By die nagaan van die voordrag van VH kon ek nie baie goed uitmaak wat

hy presies onder teologie verstaan nie. Verskillende omskrywings het ter sprake gekom, soos bv.:
teologie as kritiese geloofsverantwoording; deurgee van die inhoud van die Christusboodskap; teologiese kennis hou verband met geloofskennis en openbaringskennis; die unieke objek van teologie is God en sy openbaring; teologie vind in God se openbaring sy oorheersende brandpunt; in die (ware) teologie gaan dit om die "oorsprongstekste van die Christendom" (Bybel), die teologiese tradisie en die kontekstuele Christelike ervaring; kreatiewe konseptualisering, as kritiese geloofsverantwoording, vorm die wese van die teologie.

Sonder om elkeen van hierdie gesigspunte afsonderlik te bespreek, gee ek 'n persoonlike siening op teologie, waarin dan sekere van bogenoemde temas ter sprake kom. Ek sou die essensie van teologie in die volgende rigting wou soek: Teologie is die totale menslike refleksie op die totale openbaring van God met die oog op die realisering van die totale heil vir die totale werklikheid. Ek lig enkele aspekte hiervan nader toe.

Allereers handel dit in die teologie oor God. Sonder God is teologie 'n fiksie. Geen wonder dat die sogenaamde God-is-dood-teologie van die sestigerjare eintlik doodgebore was nie. Dit is immers 'n *contradictio in terminis*. Natuurlik kan die bestaan van God nie rasioneel bewys word nie. Na Kant het die Godsbewyse hulle betekenis verloor, wat natuurlik nie beteken dat die *spore* van God nie oral in die skepping sigbaar is nie.

Die vraag bly egter belangrik: Hoe *ken* ons die onsigbare God? Hoe anders as deur *openbaring*, as dat Hy Homself bekend gemaak het? Ons sou nie wou ontken dat daar ook van 'n bepaalde Gods-*ervaring* sprake kan en moet wees nie (dit aan die adres van die positivisme), maar dat teologie (en geloof) veral met die mens se afhanklikheidsgevoel te doen het (Schleiermacher), kan kwalik die toets van verantwoorde besinning deurstaan.

Die selfbekendmaking van God vind op drie onlosmaaklike en op mekaar betrokke wyses plaas, naamlik in die Bybel, in Jesus Christus en in die natuur. Teologie het te doen met die God wat Homself op betroubare wyse kenbaar gemaak het, wat uit sy onbekendheid uitgetree het en Hom in die geskiedenis heilsaam aan mense verbind het. Teologie is per definisie *Christelike* teologie asook *Bybelse* teologie en vanuit hierdie lig besien ook 'natuurlike' teologie. In die teologie gaan dit fundamenteel om die Waarheid wat die mens *aangereik word* en nie om waarhede wat hyself rasioneel uitgedink of empiries uitgevind het nie.

Teologie is ook 'n menslike *refleksie* op die openbarende God en die openbaring van God. Dit is 'n *totale* refleksie, dit wil sê, dit is 'n reaksie van *geloof* (vertroue) en *verstand* (deurdenking) en *ervaring* (belewenis). Dit is nie net 'n déél van die mens wat positief op die openbaring van God reageer nie, maar die gánse mens. Uiteraard ontvang die vertroue op en oorgawe aan God 'n besondere aksent. Maar dit veronderstel tog, en gaan gepaard met, 'n *kennis* van God.

Hierdie geloof is egter nie aangebore nie, word ook nie aangepraat of pedagogies ingeprent nie maar is self 'n gawe van die Gees van God. Net so min as wat buite Christus om in God geglo en oor Hom besin kan word, net so min kan dit buite die Gees om geskied.

Ek het reeds daarop gewys dat ons duidelik tussen *geloofsleer* (teologie) en *geloof* moet onderskei. Indien ons hulle identifiseer, loop ons gevaar om albei te elimineer.

Ons kan myns insiens nie anders oor teologie praat as binne die groot kontoere van: God, Christus, Gees, Bybel en geloof nie.

## 5. DIE VRAAG IN VERBAND MET DIE TAAK EN DOEL VAN TEOLOGIE

In ons voorlopige omskrywing van teologie is verwys na God se heil vir die wêreld. Anders gesê: die koninkryk (heilsheerskappy) van God is die sinontsluiting van die werklikheid. Teologie kan niks anders as *koninkryks*-teologie wees nie, as denke en daad in diens van die realisering van die Godsheerskappy op aarde. In die voordrag van VH mis ek 'n eksplisiete verwysing na die koms en voleinding van die koninkryk van God, tensy dit implisiet in die laaste gedeelte veronderstel is.

Teologie is dus veel meer as net diens aan die *kerk* en in besonder aan die *prediking* van die kerk (Barth). Dit ook. Sonder twyfel moet teologie die *kerk* van Jesus Christus dien, anders word dit soos 'n losgerukte vliegwiel wat alles fyn kap. Maar omdat die kerk dienaar is van die koninkryk, daarom dien die teologie ook en veral die koninkryk. Die werklikheidsbetrokkenheid van die teologie is dus ten diepste 'n betrokkenheid ter wille van en met die oog op die koninkryk.

Op grond hiervan is teologie niks anders as *doksologie* nie. Ons gesprek *oor* God is dan niks anders as 'n gesprek *met* en *tot* God, ja 'n lofprysing van Hom nie!